

Maandag 25 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium
15:1-18; Heidelbergse
Kategismus Sondag 42:111

Fokusgedeelte: Deuteronomium
15:11

“Want die armes het julle altyd by julle ...” (Joh. 12:8)

Die HERE laat ons vandag fokus op die armes en behoeftiges. Dit is geweldig insiggewend dat die HERE toelaat dat daar armoede is (vs 11), maar dat Hy die arme en behoeftige op 'n baie besondere manier wil versorg. Hy wil hulle deur JOU versorg!

Uiteraard gaan dit hier eerstens oor ons medegelowiges (Gal. 6:10). Ons medegelowiges, hulle wat saam met ons ryk is in Christus, mag nie arm wees nie (vs 4, 7, 8)!

Het jy al gewonder waarom ons HERE jou so besonderlik seën met aardse middele? Waarom het jy soveel meer as baie ander mense? Is dit omdat jy miskien 'n beter golowige is? Of dalk omdat die HERE meer van jou hou as van ander mense? Glad nie! Dit is omdat Hy jou as die instrument wil gebruik om te sorg dat jou medegelowige nie arm moet wees nie. Jy moet jou hand wyd oopmaak vir hom of haar (vs 11)!

Dieselfde beginsel geld vir die gee van dankoffers, en die voorsiening aan arm medegelowiges, naamlik: “Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai” (2 Kor. 9: 6). Daarom moet ons ons daaglikse werk getrou doen, sodat ons ook aan die behoeftiges kan gee.

Wanneer ons dus met oorfloed deur die HERE geseën word, en ons verkwis dit, of eien ons dit in selfsug vir onself toe, steel ons in werklikheid van God self! Alle armes, maar veral die huisgenote van die geloof, word aan ons toevertrou. Hieroor sal ons eenmaal rekenskap moet gee ...

Sing: Psalm 34-1:1, 5

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)